

Prof W S Prinsloo en die omdigting van die Psalms

T T Cloete
(PU vir CHO)

ABSTRACT

Prof W S Prinsloo and the poetic rendering of the Psalms

Respect and appreciation is paid to Professor W S Prinsloo in this article. He was an exegete who not only opened new theological insights through his approach to the text, but also gave literary guidance. As exegete, he looked at the structure of the Psalms through a literary eye.

Ek het professor W S (Riempies) Prinsloo leer ken vandat hy saam met professor C J A Vos op 'n dag by my opgedaag het in 1990 as lid van die Tussenkerklike Kommissie vir die Psalms (TKKP), om my te oorreed dat ek my hand moet waag aan die omdigting van die Psalms. Hy het op daardie dag 'n eksemplaar van sy boek "Van Kateder tot Kansel" (1988) aan my gegee om my te help in die proefbewerking wat ek onderneem het om te doen. In sy "Ter inleiding" het ek gelees dat hy besware het teen die histories-kritiese benadering van die Psalms: "Dit is die winspunt van die teksimmanente eksegeese dat daar 'n verskuiwing plaasgevind het van die geskiedenis van die teks na die teks self toe. Die klem val al hoe meer op die teks as outonome gegewe". Dit het tot my as literatuurkundige gespreek, veral sy opmerking dat hy die moderne literatuurwetenskaplikes se insig deel en die Psalms benader as literêre tekste wat "gestruktureerd is, dit wil sê uit 'n samehangende geheel bestaan"¹. Verder stel hy dit dan duidelik dat dit "nie gaan om struktuur ter wille van struktuur nie", maar "om die struktuur as middel" om die teks te verstaan. Dit is dieselfde standpunt as wat literatuurkundiges handhaaf dat mens alleen kan verstaan wat daar staan as jy insien hoe dit daar staan, omdat die "hoe" net soos die "wat" iets bydra tot die totale teks.

Ek het dadelik gevoel dat ek met Prinsloo se leiding as eksegeet my hand kan waag aan die omdigting van die Psalms. Ek het sy eksegeese van Psalm 121 begin lees, en daar het ek leer insien dat die Psalms 'n wonderlike poëtikale struktuur het, so asof die Psalmdigters daarna wou streef om God te dien of met God te praat in 'n struktuur wat die digter se diens aan of lof en verering vir Hom waardig is.

Prinsloo sê in sy eksegeese van Psalm 121: "Die Psalm vorm struktureel en inhoudelik 'n logiese *eenheid*"² (sy kursivering) (1988:103),

en dan gee hy 'n insiggewende uiteensetting van die struktuur, met aandag onder andere aan die verband tussen die stiges, die sintaksis, die chiasme en ander simmetriese patrone van die Psalm. Hy kyk na die totale opbou, tot hy uiteindelik uitkom by die *Steigerung* in die gedig en sy tregtervormige of omgekeerde driehoek-struktuur³.

Die hoofstuk van Prinsloo oor Psalm 121 het my omgepraat. Dit is die eerste omdigting wat deur my bewerk is wat deur die TKKP goedgekeur is.

Ek dink aan baie ander eksegeses van die Psalms wat hy gedoen het in sy twee boeke *Van Kateder tot Kansel* en *Die Psalms Leef!* (1991). Met sy dood was 'n kopie van die manuskrip van sy voorgenome derde boek oor die Psalms in my besit. Hy het ook talle ander eksegeses van die Psalms gedoen wat hy vir my gegee het. Hy was die enkele persoon wat deur sy eksegeses die meeste leiding aan my gegee het deur die jare. Ek kan met blydskap sê dat ek al 150 Psalms bewerk het voor sy afsterwe, maar met die afronding van die omdigtings wat nog nie finaal goedgekeur is nie, sal sy groot kundigheid en rykdom van insigte ongetwyfeld gemis word. Sy insigte was vir my een van die belangrikste bydraende faktore tot die omdigting van die Psalms. Hy het my daarvan bewus gemaak dat ons besig is met *gedigte*.

Dit was en is nie altyd moontlik om die struktuurlyne wat Prinsloo uitgewys het in die omdigting van die Psalms te behou nie. In die omdigting moet jy 'n haas onberekenbare aantal leidrade *tegelyk* in jou bewerking van 'n Psalm volg: eksegetiese, dogmatiese, prosodiese, musikale, sintaktiese, klankmatige en watter magdom ander dissiplines ookal, en party van hierdie items soos byvoorbeeld die prosodiese en musikale het elk weer 'n hele aantal eie subdissiplines, maar waartoe Prinsloo se insigte my wel gelei het, is om in die omdigting te streef na 'n teks wat iets behou of weerspieël van die struktuur van die Bybelteks.

Ek probeer iets daarvan duidelik maak aan die hand van Psalm 117, die kortste Psalm. Soos Prinsloo dikwels uitgewys het, het baie Psalms 'n sluitende struktuur, deur middel van die dikwels voorkomende verskynsel van die klouuur, of ook deur ander, semanties minder duidelike maniere. Psalm 117 het so 'n tipiese klouuur: dit begin en eindig met "Prys die Here". Die uiteindelige teks van die omdigting van Psalm 117 het 'n spieëlstruktuur, en ter wille van die illustrasie druk ek Psalm 117 soos dit in die Bybel (NAV) staan ook hier af:

Psalm 117

1

Prys die Here, alle nasies,
loof Hom, alle volke,

2

want sy liefde vir ons is sterk,
aan die trou van die Here is daar geen einde nie!
Prys die Here.

Dit gaan in Psalm 117 om twee dinge: prys die Here om sy liefde, prys Hom om sy trou.

So lyk die omdigting van *Psalm 117* dan in sy finale vorm:

- i Sing halleluja tot Gods eer,
- ii loof, alle nasies, prys die Heer;
- iii sy liefde is almagtig, sterk,
- iv sy trou is ewig, onbeperk.
- v Loof, alle nasies, prys die Heer,
- vi sing halleluja tot sy eer.

Al is die begin en einde van die omdigting nie woordelik dieselfde as dié van die Bybelteks nie (dit is vanselfsprekend nie altyd moontlik om die Bybelse bewoording presies so te behou in die omdigting nie), is die strekking en motiewe van die Bybelteks in die omdigting behou sowel as die klousuur. Die spieëlstruktuur lyk só:

vers i en vi is gelykluidend,

vers ii en v is gelykluidend

vers iii en iv bevat die enigste twee motiewe in die Psalm: liefde en trou.

Met hierdie versmatige korrespondensie tussen i en vi, ii en v, iii en iv, gaan ook die rymkorrespondensie saam:

i/vi, ii/v/ iii/iv is rympare.

Ten slotte korrespondeer hierdie verspare ook anafories:

i/vi, ii/v en iii/iv begin gelykluidend.

Ek wil graag daarop wys dat ek pas deur die opmerkings van lede van die TKKP bewus geword het van die struktuur van die omgedigte Psalm 117 soos dit hierbo weergegee is - in 'n groot mate werk die digter immers ook onbewustelik. Dit gaan met die digter soos met die komponis, waarvan Leibnitz gesê het dat hy komponeer deur te tel sonder dat hy weet hy tel: "Musica est exercitium arithmeticae occultum, nexcientis se numerare animi"⁴. Dit is in elk geval nie moontlik om in langer of baie lang psalms struktureel so te werk te gaan soos in die omdigting van Psalm 117 nie, maar die omdigting van Psalm 117 illustreer die ideaal of model wat nagesreef is in die omdigtings.

Die melodie van elke psalm wat gesing word, bepaal hoe lank die strofes van daardie psalm moet wees. Die Bybelteks van Psalm 117 bevat eintlik te min stof om die strofe te vul wat deur die melodie voorgeskryf word. Dit gebeur dikwels by die omdigting dat 'n strofe (of al die strofes) van 'n bepaalde psalm heeltemal gevul is, maar daar bly nog 'n gedeelte van die Bybelteks oor wat bewerk moet word, en wat oorbly, is nie genoeg stof om die hele strofe te vul nie, of omgekeer is al die stof van die Bybelteks (die hele teks of 'n perikoop of metafoor, ens) klaar omgedig, maar daar is nog ongevolle strofegedeeltes. Hierdie probleem kan dikwels opgelos word soos in die geval van die omdigting van Psalm 117: deur herhaling, dit wil sê die probleem kan struktureel opgelos word. Herhaling is in elk geval 'n deurlopende stylverskynsel in die Bybelse Psalms.

Die werkmethode van Prinsloo het my gehelp om ook in die omdigting van Psalms wat hy nog nie geanaliseer het nie, te soek na die bekende strukturelemente wat hy gereeld in sy eksegese uitgewys het.

Dit het my deurgaans by die bekyk van die Psalms beïndruk dat hierdie antieke gedigte in die ware sin van die woord gedigte is, met hulle tipiese of selfs argetipiese strukturelemente. Ons dweep met die antieke Griekse en Latynse gedigte, maar al die jare besig ons hierdie antieke Joodse gedigte, uitstekend deur Totius in prosavorm bewerk in die Bybel, wat ons lees asof dit somer prosa is. Dit het 'n Prinsloo gevra om vir ons keer op keer duidelik te kom maak dát en hóé hulle werklike gedigte is. In baie gevalle is dit so dat die liedere wat ons sing, godsdienstig of wêreldlik, eerder gesing word ter wille van die melodie as ter wille van die digterlikheid van die teks. In die Psalms is dit eintlik andersom: in die Psalms sing ons werklik goeie gedigte, klassiek goeie gedigte.

Die hinderlike van baie van die liedere wat vandag by die erediens deur sekere kerke gesing word, is nie alleen dat hulle melodries onverfynd is nie (hoe "lekker" hulle ook al sing, soos die sekulêre lirieke ook maar

“lekker” sing) - hulle is in sovele gevalle poëties swak, derderangs. Dit bly vir my as digter en literatuurkundige, ook as gelowige, onverstaanbaar dat ons swak godsdienstige lirieke sing in plaas van die literêr verdienstelike Psalms. Prinsloo het ons kom wys dat ons God kan dien ook deur die “liggaam” van die gedig soos ons dit in die Psalms ken, ’n liggaam wat ons ook aan die Psalms moet gee in die omdigting.

Daar kan geredeneer word dat die gewone gemeentelid nie bewus is of word van die wonderlike struktuur van die Psalms nie. Die antwoord daarop is altyd dat mens nie die doek agter die skildery of die stramien agter die borduurwerk kan sien nie, tog bepaal dit die gehalte en skoonheid van die skildery en borduurwerk ingrypend en is dit selfs *deel* van die skildery of borduurwerk. Ek sien nie die skelet van ’n mooi geboude atleet nie, tog is dit die skelet, wat weggesteek is onder vel en vlees, wat die atletiese liggaam fiks en aantreklik maak en wat onmisbare déél daarvan is.

Dit is vir my, soos ek dit van Prinsloo geleer het, nodig dat God gedien word in ons kerksang nie net deur die woorde en melodie van wat ons sing nie, maar ook deur die struktuur, daardie wonderlike verloop in die Psalms wat Prinsloo in so baie tekste gesien het, soos byvoorbeeld in Psalm 121 wat begin met vertwyfeling en onsekerheid, maar eindig as ’n triomflied van vertroue. Ek druk die omdigting van Psalm 121 hier af, om ook net ietsie duidelik te maak van die formele eise wat die melodie bo en behalwe dié van die Bybelteks self stel, soos in hierdie geval, byvoorbeeld die verskombinasies 3/1/2 in elke strofe, met die rympatrone wat daarmee saamgaan, verslengtes, ensovoorts - nogal veeleisende dissiplines.

Psalm 121

1

Ek sien die berge en ek vra
waar kom my hulp vandaan?
Die Here hoor my aan:
Hy sal my vóór ek struikel dra;
sy waaksame ontferming
bied teen gevaar beskerming

2

Oor jou is Hy altyd begaan,
Hy’t berg en see gemaak,
en kan oor jou ook waak;

steek van die son, kwaad van die maan -
Hy red jou wonderbaarlik
al is dit hoe gevaarlik.

3

Die Here God waak dag en nag.
Hy wat sy volk bewaar
red j^oú ook van gevaar.
Hy hou oor jou vir altyd wag.
Hy is jou toegeneë,
altyd, op al jou weë.

Prinsloo het 'n skerp oog gehad vir die ontwikkeling tussen begin- en eindpunt in die Psalms, veral vir die styging na 'n klimaks toe. Wat hy veral in die Psalms uitgewys het, is die diskursiewe of suksessiewe gang in baie van hierdie gedigte, dinge soos die negatiewe stelwyse wat in Psalm 1 in die positiewe oorgaan⁵. Eintlik is daar 'n afwisseling tussen die negatiewe en positiewe stelwyse, só, dat die positiewe die oorwig kry. Die psalm is soos 'n weegskaal, wat die twee hoofmotiewe van die goddelose en gelowige teen mekaar afweeg:

Psalm 1

1

i Gelukkig hy wat slegte raad vermy
ii wat op 'n goddelose pad hom lei,
iii en met die spotters sit hy ook nie saam nie;
iv geen plan word met ligsinniges beraam nie.
v Die Here sien hom in Sy goedheid aan.
vi Dit gaan met almal goed wat só bestaan.

2

i Die Here is dié mense goedgesind
ii wat altyd in sy woord hul vreugde vind:
iii wie dit oordink, soos sap vloei in die bome
iv geplant langs sterk en helder waterstrome,
v dra hulle vrug gereeld op hulle tyd
vi en ken geen droogte of onvrugbaarheid.

3

- i Die goddelose word verstrooi soos kaf.
- ii Gewis sal God hom oordeel en hom straf.
- iii By die regverdiges kan hy nie kom nie;
- iv waar hul vergader, is geen plek vir hom nie.
- v Die Here lei dié wat na Hom verlang.
- vi Die goddelose pad bring ondergang.

Iemand wat simpatiek en geïnteresseerd na die omdigting van Psalm 1 gekyk het, het my aandag op die posisionele korrespondensie van die versreëls gewys soos ek dit hieronder gaan aandui:

Eerstens strofe 1 en 3:

daar is 'n korrespondensie tussen aan die een kant strofe 1i/ii (wat handel oor die geluk van die gelowige) en aan die ander kant 3i/3ii (wat handel oor die straf van die goddelose); strofe 1iii/iv (met betrekking tot die gelowige) en strofe 3iii/iv (met betrekking tot die goddelose) korrespondeer in die negatiewe stelwyse; strofe 1v/vi stel die positiewe met betrekking tot die gelowige (as oorgang tot strofe 2) en die posisioneel korresponderende strofe 3v/vi weeg die gelowige en goddelose finaal teen mekaar af.

Strofe 2, die middelstrofe, is uitsluitlik aan die gelowige gewy en verswyg die goddelose.

'n Ander soort diskursiewe gang is dié soos deur Prinsloo uitgewys in Psalm 13⁶: (i) klag gaan oor in (ii) gebed en dan gaan dit oor in (iii) vertrou. Elkeen van die drie hoofbewegings in Psalm 13, soos dit deur Prinsloo uitgewys is, kom in die omdigting tereg in 'n eie, aparte strofe: strofe 1 bevat die klag, strofe 2 bevat die gebed en in strofe 3 word dan die vertrou, die oplossing uitgespreek:

1

Hoe lank gaan U, o Here, my vergeet?
Ek vra of U nog van my weet:
Hoe lank gaan U van my af weg bly kyk?
Moet al my dae kommervol verstryk?
Moet ek my planne self berei?
Hoe lank sal ek nog van die vyand ly?

2

Hoor na my smeking, Here antwoord my

en kom my van die dood bevry.
Wek my weer op en sien my, God, weer raak.
Wil my opnuut weer lewenskragtig maak.
Want anders sal die vyand juig
en sê van my: hy het voor my gebuig.

3

U, wat die God van liefde is en trou,
ek weet U sal my bly onthou.
Ek wil van my geloof in U getuig.
Ek sal oor u verlossingsdade juig.
Omdat U uitkoms gee, o Heer,
en om u goedheid, God, wil ek U eer.

Van Psalm 146 het Prinsloo gesê dat dit 'n ringstruktuur het⁷, onder andere deurdat dit 'n gelykluidende begin en einde het, en hy gee 'n baie helder opsomming van die struktuur van die psalm⁸. In die omdigting is daarna gestreef om dit te behou soos dit deur Prinsloo uitgewys is. Mense mag dink dat dit in die bewerking van 'n psalm om net 'n paar dinge gaan, naamlik dat dit (in volgorde van belangrikheid) primêr gaan om Skrifgetrouheid, tweedens om singbaarheid (party sal die singbaarheid selfs heel eerste stel), derdens om poëtiese kwaliteit, en wat laasgenoemde betref, sal baie mense dan verder dalk dink dit gaan eintlik net om 'n vlot taal en goeie rympatrone. Wie so dink, het nie die minste begrip van die magdom dissiplines waaronder die digter staan wat die Psalms tot 'n Skrifgetroue singbare teks omwerk nie. Kom ons vergeet vir die oomblik die musiek en singbaarheid. Wat die Skrifgetrouheid en poëtiese kwaliteit betref, gaan dit ook daarom, onder baie meer sake, dat mens byvoorbeeld nie twee strofes aan een Bybelvers mag wy en net een aan tien Bybelverse nie. Maar dit gaan ook weer om die navolg van die struktuur waarop Prinsloo so gesteld was. In die omdigting van Psalm 146 is die ringstruktuur behou in die begin en einde wat gelykluidend is, en verder is die versgroepering (subgroepering) van die Bybelverse gevolg, soos Prinsloo dit uitgewys het:

Himniese oproep (Bybelverse 1-2).

Moenie op mense vertrou nie plus begroning (Bybelverse 5-10b).

Vertrou op Jahwe plus begroning (Bybelverse 5-10b).

(Hierdie gedeelte bevat in die Bybel die meeste verse en in die omdigting die meeste strofes).

Himniese oproep (Bybelvers 10c).

Hierdie motiewe, versgroeperings en verhoudings is so goed moontlik gereflekteer in die strofeverdeling en strofeverhoudings in die omdigting:

Omdigting strofe 1 (Prinsloo: Himniese oproep, Bybel verse 1-2).

Psalm 146

1
Prys die Here, loof en prys Hom.
Ek wil God se lof besing.
Hy is magtig; loof en prys Hom.
Ek wil God my loflied bring
en so lank ek leef Hom eer.
Loof die groot en troue Heer.

Omdigting strofe 2 (Prinsloo: Moenie op mense vertrou nie, Bybel verse 3-4).

2
Van die mens bly niks behoue,
sonder asem word sy mond.
Stel in hom dan geen vertrou,
selfs die magtigste word grond.
Al sy planne gaan tot niet.
Hoe kan hy jou redding bied?

Omdigting strofe 3/4/5 (Prinsloo: Vertrou op God, Bybelverse 5-10b).

3
Hy is goed, die God van Jakob,
vestig ook op Hom jou hoop.
Hulpeloses rig Hy weer op,
blinde oë maak Hy oop.
Hy wat als geskape het,
Hy alleen sal jou kan red.

4

Gans sy skepping sonder grense
word deur Hom steeds onderhou.
So bly Hy ook aan die mense
as sy maaksels steeds getrou.
Hy die bron van wat bestaan,
is ook oor die mens begaan.

5

God gee uitkoms en bevryding,
hongeriges gee Hy brood.
Hy genees ons van ons lyding
en verlos uit elke nood.
Die verdrukke in gebed
hoor Hy aan, sy liefde red.

Omdigting strofe 6 (Prinsloo: Himniese oproep, Bybel vers 10c).

6

Hy sal altyd trou ons Heer bly;
deur Hom sal daar redding kom.
Maar die goddelose stuit Hy
en versper sy pad vir hom.
Hy sal altyd bly regeer.
Halleluja, prys die Heer.

Prinsloo het daarop gewys dat vers 5 die middelpunt van Psalm 146 is⁹. In die omdigting kom vers 5 in strofe 3 tereg, wat posisioneel in die middel van die bewerking van ses strofes lê.

Dit is vanselfsprekend nie altyd moontlik dat die strofering (versgroepering, tematiiese verhoudings, ens) van die omdigting presies klop met die versgroepering, tematiiese verhoudings, ensovoorts van die Bybelteks nie, maar die ideaal om die eksegeet se aanwysings na te volg, bly altyd staan as ideaal.

Ten slotte Psalm 136.

As ons na die Bybelteks kyk, sien ons dat daar in hierdie beurtsang drie afdelings is: verse 1-3 is 'n oproep om God te loof; verse 4-9 loof Hom as Skepper van hemel en aarde; verse 10-24 is histories en vertel van die magtige daade wat Hy as Verlosser vir Israel gedoen het (verse 10-16 het

betrekking op die Egiptenare, verse 17-24 het betrekking op die vyandige konings en ander teenstanders); verse 25-26 vertel van sy goedheid vir alle mense en is weer 'n oproep tot lof. Hierdie onderskeie segmente in die Bybelteks korrespondeer duidelik in lengte. Prinsloo vat dit helder saam¹⁰:

1-3	oproep tot lof;
4-9	skepping;
10-22	geskiedenis (verlossing) (Egiptenare);
23-24	geskiedenis (verlossing) (ander teenstanders);
25	skepping;
26	oproep tot lof.

Die omdigting lyk so:

Strofe 1	(een strofe) is 'n oproep tot lof;
strofe 2/3	(twee strofes) loof Hom as Skepper van hemel en aarde;
strofe 4/5	(weer twee strofes, geskiedenis) (verlossing);
strofe 6/7	(weer twee strofes, geskiedenis) (verlossing);
strofe 8	(een strofe) soos strofe 1 weer 'n oproep tot lof.

Psalm 136

1

Loof die Here, Hy is goed,
Hy die God wat ons behoed.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wonderre bewerk.

2

Hy's almagtig, Hy alleen,
in sy daade, in elkeen.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wonderre bewerk.

3

Uit sy insig het ontstaan
hemel, aarde, son en maan.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wondere bewerk.

4

Israel is uitgelei,
uit die land van slawerny.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wondere bewerk.

5

Deur die see, in die woestyn
het Hy aan sy volk verskyn.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wondere bewerk.

6

Konings het voor Hom gesterf;
Hy't sy volk hul land laat erf.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wondere bewerk.

7

Ons is uit vernedering
na bevryding t'ruggebring.

Refrein:

Deur sy liefde onbeperk
het Hy wondere bewerk.

Prinsloo het uitgewys dat die Psalms nie sommer 'n ongeordende, willekeurige en los reeks gedagtes, gevoelens, klagtes, lofuitinge en wat nog alles is nie; dit is geordende gedigte. Daardeur het hy in my die ideaal en amper verpligting wakker gemaak om in die omdigting die digterlike hegtheid van die Bybelse Psalms te respekteer, so goed moontlik. Die Psalms, soos dit omgedig is, wil ewe min, hoop ek, sommer 'n aaneenryging van 'n berymde reeks gevoelens, gedagtes, lofuitinge, klagtes of wat ook al wees.

Dit is onmoontlik vir my as literator om die eksegetiese insigte van Prinsloo tot hulle reg te laat kom. Ek het alleen die aandag gevestig op enkele van die poëtikale eienskappe van die Psalms waarvoor Prinsloo my oë as digter in die omdigting oopgemaak het.

Vir my was dit 'n baie diep en verrykende ervaring om byna 'n dekade lank met professor W S Prinsloo saam te werk. Sy vakmanskap, sy presiesheid en linguistiese en digterlike insigte het my steeds beïndruk en 'n outentieke standaard gestel.

NOTAS:

- 1 W S Prinsloo, *Van Kateder tot Kansel*, Pretoria 1988, 4.
- 2 Prinsloo, *a w*, 103.
- 3 Prinsloo, *a w*, 112.
- 4 Lees meer hieroor in A S Robinson se *Poësieteks en Bybelse interteks*, Potchefstroom 1991, 266.
- 5 Prinsloo, *a w*, 8ev.
- 6 Prinsloo, *a w*, 58ev.
- 7 Prinsloo, *a w*, 137.
- 8 Prinsloo, *a w*, 140.
- 9 Prinsloo, *a w*, 145.
- 10 W S Prinsloo, *Die Psalms leef*, Pretoria 1991, 99.